

DIE SKEPPINGSDAE IN GENESIS

REDE

UITGESPREEK BY DIE AANVAARDING VAN
DIE PROFESSORAAT IN OU-TESTAMENTIESE
EKSEGESE EN TEOLOGIE AAN DIE UNIVER-
SITEIT VAN PRETORIA OP 15 APRIL 1939

DEUR

H. KRITZINGER, M.A. (Stell.)
Th. Dr. (Amsterdam).



PRETORIA
1939.

DIE SKEPPINGSDAE IN GENESIS

REDE

UITGESPREEK BY DIE AANVAARDING VAN
DIE PROFESSORAAT IN OU-TESTAMENTIESE
EKSEGESE EN TEOLOGIE AAN DIE UNIVER-
SITEIT VAN PRETORIA OP 15 APRIL 1939

DEUR

J. H. KRITZINGER, M.A. (Stell.)
Th. Dr. (Amsterdam).



PRETORIA
1939.

PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT
VAN PRETORIA.

Reeks IV: Intreeredes, No. 17.

Meneer die Rektor,
Here van die Raad,
Dames en Here, Senaatslede, Lektore en Studente.

Waar dit my vandag vergun word om 'n intreedende te lewer na die aanvaarding van die professoraat in die Outestamentiese Wetenskap, in Afdeling B. van die Teologiese Fakulteit alhier, wil ek van die geleentheid gebruik maak om 'n paar gedagtes uit te spreek oor die vraag: Wat moet ons onder die skeppingsdae van Genesis verstaan?

Van die verskillende oorsake wat my tot die keuse van hierdie onderwerp beweeg het, wil ek net die volgende noem.

Eerstens meen ek dat nieteenstaande die ontwikkeling in die 19e eeu, van 'n grotendeels negatiewe houding teenoor die gesag en waarde van die Skrif, ons tog weer vandag met meer vrymoedigheid ons Calvinistiese standpunt insake die Skrifgesag kan handhaaf, daar dit meer en meer blyk dat nieteenstaande alles wat Israel gemeenskaplik met die Ooste besit het, die eiesoortigheid en verhewenheid van sy godsdiens en geskrifte nie ontken kan word nie. In hierdie verband sê O. H. Th. Obbink van Utrecht die volgende: „Bij alle overeenkomst in woorden kan men veilig zeggen dat van het oogenblik af dat Israel in het licht der geschiedenis treedt, de lijnen Babel en Bijbel divergeeren Naar den wezenlijken inhoud liggen de Bijbelsche en Babylonische verhalen op verschillend niveau. En hoe meer wij doordringen in de oud-oostersche literatuur, hoe hooger het Oude Testament uitsteekt boven al het andere.”¹⁾

Dit is hierdie eiesoortigheid en verhewenheid wat die O.T. oor al die eeue heen tot ons laat oorkom het as Gods Woord, terwyl die geskrifte van ander volkere grotendeels in die bodem van die aarde verdwyn het.

Ons dien dus ernstig rekening te hou met wat die Skrif aangaande 'n saak leer.

Tweedens het ek hierdie onderwerp gekies omdat die gesag en die prestige van die Bybel tot 'n groot mate met dergelike eksegetiese probleme gemoeid is. As b.v. die skeppingsverhaal, die sondevalverhaal, die sondvloedverhaal, die wondere, en dergelike meer van alle historisiteit ontbloot is, soos deur sommige beweer, terwyl die Skrif self die dinge as geskiedenis aanbied, dan kan ons nie ontken dat daardeur die Skrifgesag tot 'n sekere mate in die gedrang kom nie.

1) „Inleiding tot den Bijbel.” Leiden. 1935. p. 114.

Want watter waarborg het ons dan dat die Skrif op godsdienstig-sedelik gebied darem nog die waarheid leer? Glo ons aan die Skrif as gesaghebbend alleen vir die godsdienstig-sedelike lewe, is dit dan nie miskien omdat ons die Skrif op dié gebied nie wetenskaplik kan kontroleer nie? En omgekeerd, as die Skrif homself deur die eeue heen nieteenstaande alle teenkating, gehandhaaf het as Godswoord en vandag nog daardie mag oor 'n siel uitoefen en kan uitoefen, dien ons dan nie versigtig te wees met 'n skeiding tussen gesaghebbend en nie gesaghebbend nie? Verder is daar nog altyd die vraag: wie moet die lyn trek en waar moet dit getrek word tussen wat gesaghebbend en nie gesaghebbend in die Skrif is nie?

Hierdie en soortgelyke oorwegings noop die Christen om ernstige aandag te skenk juis aan dergelyke gedeeltes wat deur menige ernstige bybelondersoeker op die rekening van mites, sages en legendes geplaas word, terwyl die Skrif homself in daardie gevalle tog nie as sulks aandien nie.

Een van hierdie gedeeltes is die Skeppingsverhaal in Genesis, waar gesê word, dat God die hemel en aarde in ses dae geskep het. Deur die natuurwetenskap word die idee van 'n kompleete Skepping in so'n korte tydbestek soos Gen. sou leer, algemeen verwerp en as in stryd beskou met wat die natuurnavorsing aan die lig gebring het, nl. 'n langsame ontwikkeling oor duisende en selfs miljoene van jare. Een van die belangrike redes dus vir die geringskatting van die Bybelse skeppingsverhaal is die sogenaamde stryd tussen Genesis en die natuurwetenskap in sy huidige stand.

Sonder om doelbewus enige ooreenstemming tussen skeppingsverhaal en wetenskap te soek, wil ons in hierdie rede eksegeties nagaan wat onder die skeppingsdae van Genesis bedoel word.

In die verlede het die eksegetiese natuurlikerwyse die invloed van die heersende wêreld-beeld ondergaan. So skryf H. Bavinck ²⁾ in hierdie verband: „Deze Ptolemische wereldbeschouwing had nu natuurlijk ook invloed op de exegese van het hexaëmeron.” En toe hierdie Aristotelies-Ptolemeïes wêreldbeeld wat die aarde voorgestel het as rustende onbeweeglik op haar fundamente en as middelpunt van die heelal, plek gemaak het vir die Kopernikaanse, toe was die eksegetiese verplig om vir homself opnuut rekenskap te gee of die nuwe wêreldbeeld met die Skrif te ryme is. Nadere en diepere eksegetiese ondersoek onder drang van die nuwe beskouings, het die Kerk daartoe gebring om, soos Bavinck dit uitdruk, algemeen die Ptolomeïese vir die Kopernikaanse hipotese te verwissel.¹⁾

En so word ons vandag weer verplig om onder drang van die huidige beskouing onself die vraag te stel: Is ons eksegetiese in verband met die Skeppingsdae van Genesis korrek? Soos C. Ch. Aalders sê: „Vooraf tengevolge van de ontwikkeling der natuur-

1) *Gereformeerde Dogmatiek* Dl. II, Kampen, 1928, p. 445.

2) a.w., p. 445.

kundige wetenskap . . . is het vraagstuk van de scheppingsdagen bizonder aktueel geworden." 1)

Dat die eksegeese in hierdie verband gladnie duidelik en vas is nie blyk al dadelik wanneer ons vir 'n oomblik die verskillende interpretasies wat in die verlede gegee is en nog gegee word, nagaan.

Ons kan die verskillende interpretasies onder die volgende twee hoofde indeel nl. die ideële en die reële, wat dan weer op hulle beurt onderverdeel kan word.

Die ideële interpretasie wat alle historiese realiteit aan die skeppingsdae van Genesis ontsê, is reeds deur Joodse verklaarders voor die tyd van Christus verdedig. So leer b.v. die Joodse wysgeer Philo van Alexandrië dat die ses dae van Genesis louter 'n sinnebeeld is om die voortreflikheid van die geskape wêreld tot uitdrukking te bring. Die getal ses sou dan volgens hom die volmaakte getal wees. 2)

Ook Origenes, die vader van die allegoriese Skrifuitlegging, beskou die ses dae net as 'n sinnebeeld van die rangorde van die verskillende skepsels. Teen die letterlike opvatting het hy as argument aangevoer dat „geen mens van gesonde verstand kan aanneem dat daar werklik 'n eerste en tweede en derde dag en aand en môre gewees het sonder son en maan en sterre nie." 3)

Selfs die groot Kerkvader Augustinus was van oordeel dat God alles tegelyk in een moment geskep het sodat die dae waarvan Genesis spreek ons nie die temporele maar alleen die kousale orde laat ken waarin die verskillende dele van die skeppingswerk tot mekaar staan. 4)

En vandag nog word hierdie beskouing deur Skrifgelowiges soos A. Noordtjij, Éd. König e.a. voorgestaan.

Noordtjij bv., spreek hom in hierdie verband as volg uit: „De tijdsindeeling is een projectie gebezigd *niet* om ons het scheppingsverhaal in zijn natuur-historisch verloop te teekenen, maar om evenals elders in de Heilige Schrift ons de heerlijkheid der schepselen te teekenen in het licht van het grote heilsdoel Gods." 5) Hy wys daarop dat die skeppingswerk uitloop op die Sabbat, die Sabbat wat God seën en wat Hy heilig en waarop Hy rus. En dit was die hoofdoel van die skrywer met hierdie projeksie, nl. om die Sabbat op die voorgrond te stel. „In deze Sabbatswerkzaamheid Gods vind zijn scheppingsarbeid haar hoogtepunt." 6)

1) *Die Goddelijke Openbaring in de eerste hoofdstukken van Gen.*, Kampen 1932, p. 231.

2) Zöckler: *Philo von Alexandria in. Realencyklopädie für protestantische Theologie und Kirche*, 3, XV, S. 357.

3) Sten G. Aalders: a.w., p. 229.

4) Sien Bavinck a.w., p. 460.

5) Noordtjij: *Gods Woord en der Eeuwen Getuigenis*, Kampen, 1936, p. 119.

6) Noordtjij a.w., p. 120.

Verder voer Noordtjiz vir sy beskouing aan dat die sestal dae van Gen. „klaarblykelyk bedoeld is als de som van twee diëttallen, die dientengevolge een duidelyk uitgesproken paralellisme vertoonen.”¹⁾ Dit is dus meer 'n skema as iets anders. So sou die eerste skeppingsdag die teenhanger vorm van die vierde, die tweede van die vyfde en die derde van die sesde. Teenoor die skepping van die oerlig van die eerste dag staan dan op die vierde dag die skepping van die liggewende hemelliggame d.w.s. die afgeleide ligte. Teenoor die skeiding tussen hemelse en aardse waters deur die uitspannel op die tweede dag, staan op die vyfde dag die skepping van die waterdiere en die voëls. Teenoor die skeiding tussen land en see en die skepping van die plantewêreld op die derde dag, staan dan op die sesde dag die skepping van die landbewoners nl. dier en mens. Ook Zapletal, die Rooms-Katolieke eksegeet, probeer 'n dergelyke skema aantoon. Eindelik wys Noordtjiz op voetspoor van Origenes daarop dat as die skrywer van Gen. reële dae bedoel het, hy nie van „dag” en „môre” en „aand” kon gepraat het nog voordat die hemelliggame geskape was nie.²⁾

Ed. König³⁾ is ongeveer dieselfde beskouing as Noordtjiz toegedaan en gaan van die veronderstelling uit dat die outeur van die skeppingsverhaal die sesdaagse arbeidsweek met die daarop volgende rusdag tot model gekies het van die goddelike skeppingswerkzaamheid. Volgens König dan is die menslike arbeidsweek primair, en die skeppingsweek daaruit afgelei.

Ook volgens die visionêre hipotese wat grotendeels deur Rooms-Katolieke voorgestaan word, word die realiteit aan die skeppingsdae ontsê en sou hulle maar net die inhoud van 'n visioen of visioene wees wat die eerste mens of Moses aangaande die skepping ontvang het.

Die volgende redes kan ons egter aanvoer waarom ons nie die ideële hipotese as die juiste eksegetiese verklaring van die skeppingsdae kan aanvaar nie.

Eerstens wat die visionêre hipotese aangaan, is daar in die boek Genesis g'n grond vir dié hipotese te vind nie. Genesis bied geskiedbeskrywing en nêrens kan 'n oorgang tussen Gen. I as 'n beskrywing van 'n visioen en die res van die boek as beskrywing van geskiedkundige feite aangetoon word nie. Waarom het die outeur dan nie gesê dat hy 'n visioen van Adam of iemand anders beskryf nie? Omdat die visioen-hipotese eksegeties swak staan vind dit dan ook weinig byval by Protestantse eksegete.

Wat die argument van König betref kan aangetoon word dat die Skrif net die teenoorgestelde leer nl. dat die skeppingsweek primair is, en dat die menslike arbeidsweek daarop gemodelleer is.

1) a.w., p. 117.

2) a.w., p. 118.

3) *Die Genesis*, Gütersloh, 1919, p. 173.

Die vierde gebod leer dat soos God in ses dae hemel en aarde gemaak het en die sewende dag gerus het, so behoort die mens ook te doen. Of König is korrek en die motivering van die vierde gebod is foutief, of die omgekeerde is die geval. Dit geld ook teen die sienswyse van Noordtzijs.

En wat betref die sg. parallelisme as bewys vir die skematiese karakter van die skeppingsdae, is dit by nader ondersoek duidelik dat die parallelisme baie gebrekkig is. Eintlik is daar alleen wat die eerste en vierde skeppingsdae betref 'n parallelisme aan te wys nl. die eerste dag lig en die vierde dag die liggewende liggame. Maar wat die tweede en vyfde en die derde en sesde dae aangaan, daar laat die parallelisme ons in die steek. B.v. teenoor die tweede dag se skepping van die uitspannel om skeiding te maak tussen die hemelse en aardse waters, staan op die vyfde dag die skepping van die voëls en waterdiere. Die waterdiere sou egter 'n beter parallel gevorm het met die derde dag se skepping toe o.a. die see gevorm is. Teenoor die see van die derde dag is daar op die sesde dag g'n parallel nie. Ook kry ons g'n parallel op die sesde dag vir die plantewêreld van die derde dag nie.¹⁾

Uit een en ander blyk dus dat ons nie veel waarde aan die argument ontleen aan die parallelisme, kan heg nie.

En wanneer enkele eksegete soos Sievers en Zapletal aan die skeppingsverhaal 'n suiwer metriese vorm wil toeskryf, en daaruit dan gekonkludeer kan word dat ons hier met 'n gedig te doen het wat nie as historiese mededeling bedoel is nie, dan wys ek saam met F. Böhl²⁾ daarop dat: „de pogingen om ook de verhalen van Genesis in te delen en te scandeeren naar de strenge wetten der klankmaat, gekunsteld en onbevredigend zijn.”—'n sienswyse wat dan ook gedeel word deur die meeste eksegete van verskillende rigtings b.v. Gunkel, Budde, König, van Gelederen, ens. Want anders sou tog die grens tussen poësie en prosa in Hebreeus haas uitgewis word.

Alles in aanmerking geneem blyk die besware teen die ideële verklaring van so'n aard te wees, dat ons nie anders kan as om ons ernstige aandag aan die reële verklaring te wy nie. Al het die ideële verklaring die goedkeuring van so'n eminent Kerkvader soos Augustinus weggedra, het die twee groot Kerkhervormers, Luther en Calvyn, albei dit verwerp en saam met die Kerkvaders Tertullianus, Basilius e.a. aan die skeppingsdae wesentlike realiteit toegeskryf. Meeste Lutherse en Gereformeerde teoloë het hierdie verklaring gehandhaaf, en word in hulle sienswyse vandag gesteun ook deur eksegete van radikaal-kritiese rigting soos b.v. Holzinger, Gunkel e.a. Laasgenoemde sê in hierdie verband: „dat de Genesis-

1) Vgl. G. Ch. Aalders, a.w., p. 235.

2) *Genesis in Tekst en Uitleg*, 1930, p. 8.

skrywer die werklike toedrag van die wording van die wêreld wil verhaal, behoort nooit ontken te geword het nie." 1)

Die reële verklaring stel ons egter voor die volgende vraag: Wat was die duur van die skeppingsdae? Hoe vergelyk hulle met ons dag van 24 uur? Vroër het vele so op die klank af, aange- neem dat die skeppingsdae identies met ons dae was. 2) Immers Exodus 20 sê dat die mens ses dae moet werk en die 7e dag moet rus net soos God in ses dae die hemel en aarde geskep en op die 7e dag gerus het. Verder spreek Genesis van „aand” en „môre” wat mekaar opgevolg het en die verskillende dae afgebaken het. Ook word nêrens gesê dat die skeppingsdae iets anders as ons gewone dae was nie.

Maar dit is met die opkoms van die nuwere natuurwetenskap- like beskouinge aangaande die oorsprong en wyse van ontstaan van die aarde, dat die eksegetiese hom gedwonge gevoel het om vir hom- self nog 'n keer rekenskap te gee van sy interpretasie van die skep- pingsdae—iets wat die eksegetiese nie ten kwade gedui kan word nie want soos H. Bavinck sê: „De geologie kan ons uitnemenden dienst bewijzen bij de verklaring van het scheppingsverhaal. Gelijk de Kopernikaanse wereldbeschouwing de theologie gedrongen heeft tot eene andere en betere verklaring van den zonnenstilstand in Joz. 10 . . . zoo dienen ook de geologische en paleontologische onder- zoekingen in deze eeuw tot beter verstand van het scheppings- verhaal.” 3)

Resultaat is dat by behoudende Skrifverklaarders meer en meer die mening posvat dat hoewel daar realiteit aan die skeppingsdae toegeskryf moet word, dit eksegeties tog blyk dat hierdie dae nie identies met ons dae gewees het nie. Bavinck praat van die „buiten- gewoon karakter” van hierdie dae. Hy noem hulle „ongewone kos- mische dagen.” 4) So ook G. Ch. Aalders wat hom as volg uitlaat: „De scheppingsdagen als werkdagen Gods kunnen niet naar onzen aardsehen maatstaf worden gemeten. Het kunnen geen dagen zijn die door de omwenteling van onze aarde . . . worden bepaald. Het zijn dagen Gods.” 5)

Hierdie beskouing omtrent die karakter van die skeppingsdae wens ek te onderskryf. Die gronde waarop ek dit as eksegeties juis beskou is die volgende: Eerstens, wat die eerste drie dae betref kon hulle in elk geval nie afgemeet gewees het deur die verhouding van die aarde tot die son en andere hemelliggame nie, daar son maan en sterre eers op die vierde dag in 'n vaste betrekking tot die

1) Sien G. Ch. Aalders: a.w., p. 147.

2) So ook vandag nog o.a. Sillevius Smith in sy: *Handboek voor de Heilige Geschiedenis*, Kampen 1922, p. 10.

3) a.w., p. 458.

4) a.w., p. 462.

5) a.w., p. 250.

aarde gebring is. Eers op die vierde dag word gesê dat hierdie hemelligame sal dien tot tekens van die tyd, tot indeling van dae en jare, tot heerskappy oor die dag en oor die nag, tot skeiding tussen lig en duisternis. Maar voor die tyd het hulle volgens die verhaal van die gewyde skrywer, nog nie tot daardie dinge gedien nie. M.a.w. die skeiding tussen lig en duisternis moes voor die tyd op 'n ander manier plaasgevind het. Daarom dat reeds die Kerkvader Basilius die Grote in die begin van die 4e eeu daarop gewys het dat die skeppingsdae nie ewe lang kon gewees het nie.¹⁾

Wanneer Noordtjij egter o.a. op grond van hierdie argument sover gaan as om alle realiteit aan die skeppingsdae te ontsê, dan lei hy daaruit meer af as waartoe hy geregtig is. Omdat son en maan en sterre nie in die begin as sulks aanwesig was nie, sluit nog nie die moontlikheid uit van die wisseling van tyd nie. Al wat ons mag aflei is dat die gewyde skrywer nie ons gewone sonnedae kon bedoel het nie.

Tweedens, in die uitspraak van Genesis en Eksodus dat die Here die hemel en aarde in ses dae geskep het, lê reeds die veronderstelling dat al ses die dae nie ewe lank was nie. Want deur die hele skeppingswerk onder ses skeppingsdae te betrek moet die eerste skeppingsdag altans van 'n besondere aard en duur gewees het. Want onder hierdie dag word nou ook gereken die duisternis wat op die aarde gerus het na die eerste skeppingsakte waarvan in Gen. 1:1 sprake is.²⁾ Hoelank hierdie toestand van woestheid en leegheid en duisternis geduur het word nie gesê nie. Dat dit nie net 'n oomblik was nie blyk uit die toevoeging: „En die Gees van God het gesweef op die waters”—gesweef terwyl alles in duisternis gehul gelê het. In Gen. 1:3, word dan gesê dat die eerste skepping na hierdie toestand van duisternis, die lig was. „En God het die lig dag genoem en die duisternis het Hy nag genoem” (Gen. 1:5). M.a.w. as die bybelskrywer met die skeppingsdae gewone dae bedoel het, dan kon die eerste skeppingsdag eers met die skepping van lig begin het. Maar wat van die periode wat voor die eerste lig gelê het? Augustinus praat hier van 'n skepping voor die tyd. Dit pas by sy beskouing nl. dat God alles in 'n oomblik geskep het en dat die skeppingsdae g'n realiteit het nie. Maar soos reeds aange-toon moet ons sy eksegese as onjuis beskou. Daar lê werklike tyd tussen die eerste skeppingsakte van God en die skepping van Lig—'n tyd van woestheid, ledigheid en duisternis. En om aan die uitspraak van die Skrif, dat die Here die hemel en aarde in ses dae geskep het, reg te laat wedervaar, moet ons hierdie tyd wat net so

1) Vgl. Zöckler, *Geschichte der Beziehungen zwischen Theologie und Naturwissenschaft*, I, p. 188.

2) Die opvatting dat Gen. 1:1 net 'n opskrif is en dat die eerste skeppingsakte eers in vs. 3 vermeld word, is o.i. in stryd met die verband en met wat die res van die Skrif leer, nl. 'n skepping uit niks.

seker die skeppingswerkzaamheid van God dek as die latere „dae,” byreken tot die eerste dag, waardeur die eerste „dag” dan alles behalwe 'n gewone dag kon gewees het.

Derdens, die buitengewone manier van dagindeling nl. van môre tot môre i.p.v. aand tot aand soos dit by Israel gebruiklik was ¹⁾ wys in die rigting dat die skrywer nie gewone dae bedoel het nie.

Die verklaring van G. Aalders ²⁾ dat ons hier te doen het met die noem van die dele van die dag in omgekeerde volgorde en dat die skrywer toe hy gesê het: „en dit was aand en dit was môre en die eerste dag” in werklikheid bedoel het: „en dit was môre en dit was aand die eerste dag,” kan nie geregverdig word uit een digterlike teks soos Ps. 55:18 waar die skrywer sê: „Saans en smôrens en smiddags klaag ek.” Trouens in hierdie enigste teks is die omgekeerde volgorde ook nie suiwer want anders moes die „smiddags” tussen die „saans en „smôrens” gestaan het. Ook is dit moontlik dat die Psalmis met die uitdrukking eenvoudig bedoel het: nag en dag, en dan het ons hier g'n omgekeerde volgorde nie.

Vyfdens hierdie buitengewone manier van dag-indeling volg die skrywer ook na die vierde skeppingsdag d.w.s. nadat die son die dagindeling begin bepaal het. Daar is dus geen teken dat die laaste drie skeppingsdae in karakter verskil het van die eerste drie nie. Van al ses dae word presies op dieselfde manier gepraat. H. Bavinck onderskryf dan ook die sienswyse dat al ses dae „ongewone, kosmische dagen” gewees het. Hy voer verder die argument aan dat op elke dag veel meer geskied het as wat die sobere woorde van Gen. ons laat vermoed, en dat dit onwaarskynlik is dat alles wat op die sesde dag b.v. gedoen is in ongeveer 12 uur plaasgevind het, b.v. die skepping van die landdiere, die formering van Adam, die plant van die tuin van Eden, die afkondiging van die proefgebod, die bring van al die diere na Adam om hulle name te gee, die slaap van Adam en die skepping van Eva. ³⁾

Maar om nou die eenheid van en ooreenstemming tussen die eerste en laaste drie skeppingsdae te behou neem Bavinck e.a. aan dat die verhouding tussen son en aarde voor die sondeval en voor die sondvloed anders was as nou. ⁴⁾ En so sou die laaste drie skeppingsdae, hoewel bepaal deur die verhouding van die aarde tot die son tog verskil het van ons dae en ongeveer ooreengestem het met die eerste drie skeppingsdae wat nie deur daardie verhouding bepaal geword is nie. Maar vir so'n konklusie nl. dat die verhouding tussen aarde en son eers anders was as vandag, bestaan daar m.i. geen Skriftuurlike gewens nie. Nêrens in die Skrif is daar maar

1) Vgl. Bavinck a.w., p. 440.

2) *Genesis in Korte Verklaring der Heilige Schrift*, Kampen 1933, p. 83.

3) a.w., p. 463.

4) Bavinck, a.w., p. 463.

die geringste sinspeling op so'n skielike of langsame verkorting of verlenging van ons sonnedag nie.

G. Aalders het waarskynlik die beswaar gevoel en daarom dat hy in hierdie verband sê: „Als het nu uit de omschrijving van het Goddelijk Scheppingswerk van den vierden dag duidelik is, dat de eerste drie dagen in geen geval naar den stand van onze aarde ten opzichte van de zon gemeten konden worden, dan ligt de gevolgtrekking voor de hand dat ook voor de laatste drie dagen die maatstaf niet gold.”¹⁾

Sy konklusie insake al die skeppingsdae is dan die volgende:²⁾ „Het kunnen geen dagen zijn die door de omwenteling van onze aarde of door de omwenteling van eenig ander hemelligzaam om de eigen as worden bepaald. Het zijn dagen Gods, waarbij iedere mogelijkheid tot precisering van hun duur ons ontglipt.”

Hierdie gevolgtrekking van Aalders wil ek geredelik aanvaar as eksegeties korrek. Maar wat is nou die verdere konsekwensies van hierdie interpretasie. Dit namlk, dat ons vanaf die vierde skeppingsdag nou twee soorte dae het, nl. 'n goddelike skeppingsdag waarvan die duur nie deur die verhouding van die aarde tot die son bepaal is nie, en die gewone dag wat wel deur die opgaan en ondergaan van die son bepaal is.

Hoeveel gewone dae een so'n goddelike skeppingsdag uitmaak het, sal vir ons altyd 'n raaisel bly. Dit is egter duidelik dat die goddelike skeppingsdag selfs korter kon gewees het as ons gewone dag. Meer waarskynlik is dat dit langer was, wanneer ons let op alles wat op die sesde dag verrig is.³⁾ *Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat op eksegetiese gronde ons geregtig is om die goddelike skeppingsdae as skeppingsperiodes te beskou.* Wanneer Aalders weier om die gevolgtrekking te maak en die gedagte aan tydperke verwerp⁴⁾, dan is hy inkonsekwent waar hy later tog die moontlikheid aanneem dat een skeppingsdag miljoene van jare, in ons tydmaat gereken, kon geduur het.⁵⁾ Trouens, ons tydmaat begin reeds op die 4e skeppingsdag.

Ter stawing van ons verklaring moet nog die volgende gesê word: (1) Die begrip „dag” bied g'n beswaar teen hierdie interpretasie nie, want dit word algemeen erken dat dit in die Ou Testament meermale die betekenis het van „tyd” of „tydvak”; So in Gen. 2:4 waar die werk van die ses skeppingsdae omskryf word as „die dag van die skepping,” die veelvuldige uitdrukking „die dag van die Heer,” Eseg. 30:3 e.a. (Vgl. verder, Eseg. 36:33, Sag. 4:10).

Tweedens wat die „aand” en „môre” betref waarmee elke skeppingsdag afgesluit word (en dit selfs voordat die son sy vaste be-

1) a.w., p. 249.

2) a.w., p. 251.

3) Vgl. Bavinck, a.p.

4) a.w., p. 252.

5) a.w., p. 253.

trekking tot die aarde gekry het) is m.i. die mees aanneemlike verklaring dat die gewyde skrywer daarmee eenvoudig aandui die einde van 'n bepaalde skeppingswerkzaamheid van God. Die môre van die nuwe dag dan sê die aanvang van 'n nuwe skeppingsakte. Van 'n werklike nag wat tussen die „aand” en die „môre” gelê het en net so buitengewoon soos die goddelike skeppingsdag moes gewees het, is hier g'n sprake nie, waarskynlik omdat vir 'n skrywer in hierdie verband soiets nie bestaan het nie. Vandaar dat hy die „aand” en „môre” ook as „dag” omskrywe terwyl hy in dieselfde asem net vantevore gesê het: „en God het die lig dag genoem.”

Die moontlikheid van bogenoemde interpretasie word deur G. Aalders toegestem waar hy sê: „want ingelyks de aanvang en het einde van een periode zouden als „morgen” en „avond” kunnen worden aangeduid (men denke bijvoorbeeld aan onze uitdrukking: „iemand's levensavond.”)¹⁾

Derdens, waar die vierde gebod gemotiveer word met die woorde: „Want in ses dae het die Here die hemel en aarde gemaak en op die sewende dag het Hy gerus”²⁾ word daarmee nie geleer dat die skeppingsweek in tydsduur identiek met ons week was nie, want net soos die Werker aan die eenkant n.l. die Israëliet, en net soos die een werk verskil het van die ander werk n.l. die goddelike skepping van hemel en aarde teenoor die nietige werk van die mens, net so het die goddelike skeppingsweek in tyd en in grootheid verskil van die menslike week. Dit blyk verder daaruit dat van God gesê word dat Hy op die sewende dag gerus het van Sy skeppingswerkzaamheid. En daardie goddelike sewende dag duur tot vandag toe nog voort, want by God is duisend jaar soos een dag en een dag soos duisend jaar.³⁾

Eindelik kan ons hier nog opmerk dat ons met hierdie interpretasie nie 'n stem roepende in die woestyn is nie. Ook Delitzsch Lange⁴⁾, Geesink⁵⁾ e.a. staan dit voor. Uit dit alles blyk dus dat hoewel elke verklaring van die skeppingsdae ons voor haas onoplosbare probleme stel, die deur ons verdedigde verklaring net so veel reg het, indien nie meer nie, om as Skriftuurlik en as eksegeties juis beskou te word.

En nou tenslotte my opregte dank aan die Kerklike en Universitêre outoriteite vir my aanstelling alhier. Mag die saak van die Meester die heil van ons volk en die belange van die Universiteit daardeur bevorder word.

Ek dank U, Dames en Here, vir U teenwoordigheid en welwillende aandag.

1) a.w., p. 243.

2) Ex. 20: 11.

3) Vgl. Bavinck, a.w., p. 551.

4) Vir standpunt van Lange en Delitzsch Vlg. J. P. Lange se Kommentaar op Genesis, Bonn 1864.

5) Vgl. Aalders, a.w., p. 241 nt.

PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN
PRETORIA.

Reeks IV: Intreeredes.

- No. 1. KRITZINGER, M. S. B.—
Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde as Studievak aan
die Universiteit van Pretoria.
- No. 2. DUMINY, J. P.—
Die Wiskunde en Filosofie.
- No. 3. SKAWRAN, P. R.—
Die Sintetiese Studie van die Persoonlikheid.
- No. 4. GEY VAN PITTIUS, E. F. W.—
Volksregering met Besondere Verwysing na S.A.
- No. 5. COERTZE, L. IGN.—
Watter Regsistiem Beheers die Verhouding tussen Ower-
heid en Onderdaan in die Unie, Romeins-Hollandse Reg
of Engelse Reg?
- No. 6. BOKHORST, M.—
Kultuur van 'n Waterland.
- No. 7. VILJOEN, S. P.—
Die Voortbestaan van die Blanke Ras.
- No. 8. ENGELBRECHT, J. A.—
Die Wordings- en Verwordingsgeskiedenis van die
Koranna.
- No. 9. PELLISSIER, G. M.—
Die Godsdiens as illusie volgens Freud.
- No. 10. CRONJE, G.—
Die Deterministiese Standpunt in die Sosiologie.
- No. 11. WILLEMSE, W. A.—
Die Psigologie en Maatskaplike Afwykinge.
- No. 12. WOLMARANS, H. P.—
Betekenis van die Openbaringsbegrip vir ons Tyd.
- No. 13. GROENEWALD, E. P.—
Die Eksegese van die Nuwe Testament.
- No. 14. LOMBARD, B. V.—
Geologiese Onderzoek in Suid-Afrika.
- No. 15. DE LOOR, B.—
Die Statistiek en waarskynlikheidsrekening en hul toepas-
sing.
- No. 16. STEENKAMP, W. F. J.—
Die Vraagstuk van die Afsetkoste.
- No. 17. KRITZINGER, J. H.—
Die Skeppingsdae in Genesis.
- No. 18. GONIN, H. L.—
Die Redenaar as die ideaal van die ontwikkelde man by
die Romeine.